Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 55549
Arcadia
0007
11 Desember 2000

Geagte lid,

Soos in Nuusbrief 3 2000 belowe was, is hierdie dan die laaste stukkie nuus vir 20009, wat saam met Oom Piet Bester se **VASTRAPPER** gestuur word.

1. **NUWEJAARSBOODSKAP :** Die volgende is van die Nasionale Voorsitter van die TBK ontvang :

" Nog 'n jaar snel ten einde en kan ek met genoeë terugkyk na 'n wonderlike jaar vir ons eie Tradisionele Boere-musiek. Dit is dan ook met hierdie gedagtes dat ek graag vir 2001 vir elke lid net die beste wil toewens. Mag die Here die Hoofpersoon in elkeen se lewe wees en dat Gesondheid, Liefde en Geluk by elkeen sal wees vir die hele 2001. Dankie dat u help bou en bewaar het aan ons eie Boerekultuur, naamlik ons geliefde Tradisionele Boeremusiek.

Opregte dank en waardering aan 'n ieder en 'n elk wat bygedra het tot die bevordering van TBM-sake en gebeurtenisse. Sekerlik is dit so dat daar insidente gebeur het gedurende die jaar wat nie bevorderlik en tot voordeel van die TBK was nie, maar daar gaan steeds gepoog word om die sulke verskille vreedsaam en aanvaarbaar op te los. Graag wil ons weereens vra dat wanneer daar TBK projekte aangepak word, die betrokkenes asb seker sal maak dat hulle binne die bepalings van die grondwet sal optree - bv. elektriese instrumente is NIE AANVAARBAAR NIE.

Neem asb kennis dat die AJV van die TBK vir 2001 aangebied sal word op Saterdag 27 Oktober 2001, saam met die Vaaldriehoek-tak se tradisionele boeremusiek karavaanweek van 22 – 28 Oktober 2001..

Namens Lettie en myself, is dit ons wens dat u 'n vreugdevolle Kersgety sal ondervind en dat die nuwe jaar vir u goeie gesondheid, voorspoed en baie liefde bring, die hele jaar deur."

2. **VAN DIE HOOFBESTUUR** *:* Hiermee wil die hoofbestuur van die TBK sy dank en waardering uitspreek aan u almal wat die afgelope jaar die verskillende takke ondersteun en 'n bydrae gelewer het - al is dit hoe klein - dit word baie waardeer. Aan almal wat 'n briefie in die pos gegooi het net om dankie te sê vir die werk wat die TBK bestuur doen, baie dankie. Aan al die orkeste en musikante wat op byeenkomste opgetree het, baie dankie vir jul onbaatsugtige ondersteuning - julle het baie bygedra tot die bevordering van tradisionele boeremusiek. Ook aan almal wat "agter die skerms" werk vir die TBK gedoen het, 'n hartlike dank - ons wens ons kon elkeen 'n handdruk gegee het net om dankie te sê.

Aan almal wat geliefdes die afgelope jaar verloor het, bid ons krag en sterkte toe en ons hoop en vertrou dat u die krag en sterkte van Bo sal ontvang om voort te gaan - veral oor Kersfees en Nuwejaar. Ons deel in u leed.

Waar ons dan nou aan die vooraand van 'n nuwe jaar staan, wil die hoofbestuur dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak om u, u gesin en familie-lede elkeen 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige 2001 toe te wens. Mag al u drome, voornemens en wense vir 2001 bewaarheid word. Mag die beste van 2000 die slegste in 2001 wees. As u met vakansie gaan, ry versigtig, geniet u rustydjie en kom weer veilig tuis. Ons hoop dat u goed uitgerus en lus sal hê om die probleme van 2001 (wat dit ook al mag wees) vierkantig in die oë te kyk en 'n nietigheid daarvan sal maak.

3. **LEDEGELD / VERTROULIKE INLIGTING :** Ek wil vir dié lede, wat die inligtingstrokies so flink teruggestuur het en sommer hul ledegeld ook op datum gebring het, net baie dankie sê vir die moeite - dit word waardeer. Ongelukkig is dit nou so dat almal nie kan verstaan dat die TBK se hoofbestuurslede, wat met die ledegeld / adres veranderings / debiet- of aftrek-order veranderings ens. ens. gemoeid is, nie ook maar net mense is wat, soos ander, ook maar foute maak (soos ek vir oom Danie altyd sê, ek maak maar net so 'n klein bietjie meer foute as ander!).. Al wat u doen AS die inligting ten opsigte van u ledegeld inkorrek is, maak 'n afskrif van die kwitansie en stuur dit saam met die strokie vir ons terug en die inligting sal op u persoonlike Vertroulike Inligting op die blikbrein aangebring word. Bring ook sommer die nodige veranderings / korreksies aan op die strokie - en moenie skaam wees vir u ID nommer nie, as u nie u volledige ID nommer wil verstrek nie, is dit in die haak, maar al wat ek voor vra is **die eerste ses syfers van die ID (m.a.w. u geboortedatum)** - sodoende kan ek dadelik sien wanneer u die mooi ouderdom van 70 bereik en dus kwalifiseer as 'n "Oudstryder" word wat nie meer ledegeld hoef te betaal nie !

Ons laaste verhoging van die lidmaatskap geld was met ingang van 01 Januarie 1997 – toe is dit verhoog vanaf R30-00 na die huidige R40-00. Op een of ander stadium moes dit seker kom en moes dit seker maar met die TBK ook gebeur, maar aan die ander kant sou dit miskien nie nodig gewees het as al die lede saamgewerk het deur hul ledegeld op datum te hou nie. Dit is met "hartseer en verdriet" en my onaangename taak om u hiermee in kennis te stel dat die ledegeld met ingang van 01 Januarie 2001 verhoog word na R50-00 per jaar. As 'n mens kyk na die prys van 'n stuk gesnyde kaas (teen +-R35-00 per kilogram) dan is die R50-00 per jaar seker nie so erg nie. U het natuurlik nog tyd tot 31 Desember 2000 om u ledegeld vir 2001 (en verder die toekoms in) te betaal teen R40-00 per jaar. Hou die debietorderstelsel in gedagte wat in vorige nuusbriewe beskryf was.

Ingesluit met die Vastrapper is die kalender vir 2001 en die Vertroulike Inligtingstrokie vir die lede wie se ledegeld op hierdie stadium R80-00 beloop (daar is 85 lede wat twee jaar se ledegeld agterstallig is). **Bring ASB u ledegeld op datum, want die rooi ligte begin flikker dat u u lidmaatskap kan verloor.** En daar is 161 lede wie se ledegeld vir 2000 uitstaande is, dit wil sê +-R13200 se ledegeld wat net genoeg sal wees om EEN CD wat deur die TBK uitgegee word, die lig te laat sien. - (met ander woorde twee jaar se ledegeld is agterstallig). **Bring ASB u ledegeld op datum, want die rooi ligte begin flikker dat u u lidmaatskap kan verloor – indien dit wel op datum is, stuur asb vir ons die kwitansienommer, bedrag en datum.**

Wat maak ons met die ledegeld ? Wel, soos u seker teen hierdie al weet, is ons besig om die ou 78-spoed plate 'n nuwe "baadjie aan te trek", deur daardie musieke wat vir baie van ons (myself ingesluit) seker vir die eerste keer te hore sal kry, deur dit op laserskyf te sit en sodoende vir die nageslag te bewaar. Dan is daar boeke wat geskryf is/word oor tradisionele boeremusiek, ek dink hier aan die groot taak wat oom Wilhelm Schultz gehad het om die manuskrip gereed te kry vir sy baie interessante boek oor TBM. Dan koop ons laserskywe aan van TBM musikante wat ons dan weer op ons byeenkomste verkoop om sodoende die orkes(te) bekend te stel. Dan dink ek aan die 975-plus nuusbriewe wat drie keer per jaar uitgestuur word (posgeld, koeverte, drukwerk ens.ens.) EN dan nog oom Piet Bester se Vastrapper (975-plus A5 koeverte teen R2-20 elk vir posgeld, die koeverte, drukwerk ens.ens - ja, dit alles maak aan die einde van die dag 'n aardige bedraggie op ! Wees verseker, u ledegeld word nie vermors nie - daarvoor word daar goeie boekhouding gedoen en die ouditeure doen die boeke elke jaar. Baie dankie vir u samewerking.

4. **KALENDER VIR 2001 :** As u mooi oplet, sal u sien dat die kalender vir 2001 so effens verander het. Om onnodige papierwerk uit te skakel, het ek besluit om die takke se datums vir byeenkomste sommer op die kalender aan te bring, sodoende hoef u net na die kalender te kyk en het u nie nodig om na die nuusbrief te gaan soek waarin die byeenkomste aangegee word nie. Die tak se voorsitter en sy telefoonnommer is dan sommer ook byderhand. Ons het ongelukkig nog nie Pietersburg- en Karoo-tak se datums ontvang nie – vir navrae, skakel asb die takvoorsitters.

5. **INTERNET :** Aan almal wat toegang het tot die INTERNET : u word vriendelik versoek om die TBK se webblad te besoek by http://www.tbk.co.za.. Stuur asb e-pos (e-mail) aan concertina@mweb.co.za om die elektroniese nuus te ontvang. Indien u 'n bydrae vir die nuusbrief wil stuur, kan u gebruik maak van my e-pos adres tomtbksa@mweb.co.za. Hoe lyk dit, kan ons oorsese en veraf geleë lede nie hiervan gebruik maak om vir ons 'n bydrae van u omgewing af te stuur nie ?

6. **TE KOOP :** Ons het die volgende "pragtige" advertensie van Mnr Koos van Dyk van Bronkhorstspruit ontvang : Oom Koos het 'n 3-3/4 ry Wheatstone konsertina, 8 hoeke en 8 boeke, wat hy +-36 jaar gelede aangekoop het. Daar is bitter min op die konsertina gespeel en is so te sê nog splinternuut in die kas waarin dit destyds aangekoop was. Indien u sou belangstel, skakel asb vir oom Koos van Dyk by (013) 832-0398 of 082 758 6000. Die prys is onderhandelbaar.

7. **DEBIET- en AFTREK-ORDERS** : Ingesluit is ook die veranderings wat aangebring is t.ov. lede wat debiet- en aftrekorders het. **Indien die lede hul Debietorders wil verander, stel asb vir my skriftelik in kennis van die verandering(s) – my adres is : Bruarfossweg 80, Valhalla 0185. Indien die lede wat Aftrekorders in werking het, enige verandering(s) wil laat aanbring, moet u dit asb by u bank persoonlik doen.** U samewerking sal baie waardeer word. Baie dankie.

8. **SÊ DANKIE** : Die volgende van Mev Gerda du Plessis ontvang : "Net 'n baie groot dankie vir die Hannes Schoeman wisseltrofee toekenning wat ek tydens die AJV ontvang het. Ek waardeer dit opreg en is baie trots daarop".

9. **VERJAARDAGKAARTJIES** : Om tyd en 'n paar sente (+-R93-60) te spaar het ons ook besluit om dié lede wie verjaardag gedurende Januarie 2001 is, se verjaardagkaartjie ook saam met die Vastrapper te stuur. Verskoning vir die "vervroegde" verjaardagwense !

So sluit ons dan hierdie jaar af en ek hoop en vertrou dat u die TBM geniet het - hetsy dit op byeenkomste of op die radio aangebied was. Ons hoop dat ons in staat sal wees om die TBM wat u op CD wil hoor, vir u sal kan aanbied. Laat gerus van u hoor, want ons kan seersekerlik nie al ons lede tevrede stel nie ! Moenie negatiewe kommentaar teenoor almal lewer oor die musieke wat ons op CD sit nie - dit is u klub ook en u insette, kommentaar (positief of negatief), kritiek ens. is baie welkom - met al die inligting kan ons miskien die CD van die jaar aanmekaar slaan ! As u hierdie vakansie die "tuinroete" gaan doen, kan u gerus onder die koelteboom gaan sit en 30 nommers van verskillende orkeste en/of musikante saamstel wat u graag op CD sal wil besit. Miskien is u voorstel die treffer van die jaar ! Hoe meer voorstelle ons ontvang, hoe beter, want dan kan ons 'n algmene indruk kry van die musiekke wat u op CD verkies. Ons sien uit na u voorstel(le).

Ek wens u alles van die beste toe en nogmaals baie dankie vir u samewerking. Rus lekker uit en begin die nuwe jaar op 'n goeie en positiewe noot. Beste wense en tradisionele boeremusiekgroete van huis tot huis.

(T.E. Adams (Tom) : Voorsitter : Pretoria-tak van die TBK van S.A.

"tuinroete" is ook bekend as "Jan tuisbly se karretjie"!